PERSONE MET OUTISME

OOK WELKOM

IN ONS KERK

"ROOM For More" U
RAMP
People with disabilities at Home in the Church
www.rampup.co.za

Om outistiese persone tuis te laat voel in die kerk, sal dit goed wees om na hul perspektief oor outisme te kyk, en nie na die tradisionele perspektief, wat dikwels gesien word, nie.

Hierdie tradisionele perspektief word gedefinieer deur 'n lys van tekortkominge vanuit 'n "neurotipiese[1]" opinie. Hiervolgens word outisme as 'n ontwikkelings-agterstand gesien, word outiste gekenmerk as persone met kommunikasie-, gedrag- en sosiale interaksie probleme. Ongelukkig benadeel hierdie perspektief outistiese persone, en dit is kwetsend. Dit is een van die grootste oorsake van defensiewe gedrag en ineenstortings (ook bekend as "meltdowns").

Daarom is dit raadsaam om na outisme te kyk soos wat outistiese persone hulself sien – en outistiese persone self is die beste bron van inligting aangaande hierdie vraagstuk. Toe die vraag aan outistiese meningsvormers en verteenwoordigers[2] van die outistiese gemeenskap gevra is, het die volgende na vore gekom:

- Outistiese persone prosesseer neurologiese inligting anders, veral sensoriese inligting.

- Hierdie verskille tussen outistiese persone en die neuro-tipiese meerderheid in die samelewing, word gewoonlik gesien as tekortkominge, wat geïnterpreteer word as die onvermoë om "normaal" te wees. Outiste se buitengewone vermoëns word in hierdie proses dikwels nie raakgesien nie, of nie gerespekteer nie.

Wanneer daar na outisme vanuit die perspektief van die outistiese persoon self gekyk word, kan die volgende praktiese raad outistiese persone van alle ouderdomme help:

- Daar is dikwels ongeskrewe 'reëls' in kerkverband. Dit sal raadsaam wees om hierdie reëls, wat vanselfsprekend aanvaar word, aan die outistiese persoon te verduidelik, en sodoende onverwagse misverstande te vermy. 'n Voorbeeld sou wees kleredrag na kerkdienste – moenie net aanneem dat die outistiese persoon bewus is van die tradisionele kleredragreëls nie.

- Onthou dat baie outistiese persone ander diagnoses het wat saam met outisme voorkom, byvoorbeeld verstandelik gestremdheid, epilepsie, sensoriese prosessering probleme, Downs Sindroom, serebraal gestremdheid asook

[1] *Neurotypical* is a word used to describe a person who has a typical brain (*https://www.urbandictionary.com/define.php?term=Neurotypical*)

[2] "I have a condition where my brain doesn't create a consistent model of the world to serve as a model for my everyday experience" (@MyrnaPloy)
"It is a different way of thinking and processing, particularly sensory input" (Jax Blunt @liveotherwise)
"I'm switched ON in subtle ways the rest of the world doesn't notice, and switched OFF in many ways the world expects" (AspieUnderYourRadar @VoxVisual)
"Autism is both good and bad, enjoyable and intolerable, joyful and sorrowful. It is pervasive and omnipresent. Autism is a change and a joy" (@LaVidaAutistic)
"My brain works in this different way to what is expected and that's not a bad or a wrong thing, it's just a different thing" (@autistictudor)

biologiese siektetoestande. Hierdie diagnoses moet nie met outisme self verwar word nie.

- Wanneer outistiese kinders as bloot verstandelike gestremde kinders behandel word, is dit een van die grootste oorsake van sogenaamde gedragsprobleme.

- 'n Outistiese persoon se ondervinding van sy sensoriese omgewing, gaan aandui of hy gemaklik of ongemaklik in daardie omgewing is. Wees bewus van die behoeftes van die individu in die kerk, byvoorbeeld ligsensitiwiteit of sensitiwiteit vir harde klanke.

- Leer ken die outistiese persoon in die gemeente, en vra hom wat sy behoeftes is, eerder as om na publikasies te luister wat poog om die breë outistiese spektrum te akkommodeer. Alle outistiese persone verskil, en dit is makliker om een of twee persone se behoeftes te respekteer as wat dit is om die kerk toeganklik vir alle ander outistiese persone te maak.

- Maak seker dat iemand in die gemeente verstaan wat 'n sensoriese ineenstorting ("sensory meltdown") is, en wat die verskil tussen 'n ineenstorting en 'n vloermoer is. Wanneer 'n ineenstorting plaasvind, sal dit raadsaam wees dat daar 'n veilige area vir die persoon is waar hy kan bly tot hy beter voel (weer eens – konsulteer met die outistiese persoon self oor hierdie oplossing).

- Die dinamiek tussen die outistiese persoon en sy gesin is baie belangrik. Wees bedag daarop dat ouers, byvoorbeeld, nie namens hul kind praat nie, of hom oorbeskerm nie. Hierdie gedrag van gesinslede kan veroorsaak dat die outis uitgesluit word van aktiwiteite waaraan hy eintlik graag sou wou deelneem.

- Stereotipering is een van die grootste vyande van die persoon met outisme. Onthou altyd dat elkeen 'n unieke individu is en nie almal die dieselfde nie.

- Outistiese persone is gemaklik wanneer hulle kan:

    - Voorspel wat om hulle gebeur, en mense vertrou
    - Met eenvoudige aktiwiteite begin, en ontwikkel aangaande hulle emosioneel gemaklik is
    - Die versekering hê dat hul omgewing gestruktureerd en kalm is.

- Wees asseblief bedag op boelies, selfs in die kerk. Die meeste outistiese persone word van kleins af blootgestel aan boelies, en dit veroorsaak defensiewe gedrag wat nie altyd aangenaam is nie.

- Moet nooit die outistiese persoon se behoeftes ligtelik opneem nie, en onthou dat hulle op ander maniere kommunikeer as die oorgrote meerderheid van mense.

- Baie outistiese persone kommunikeer nie met woorde nie, maar met alternatiewe metodes. Dit sal goed was as persone in die gemeente bewus is hiervan, en selfs basiese alternatiewe kommunikasie kan aanleer om die outis te akkommodeer.

Ter afsluiting: Om 'n outistiese persoon in die kerk te akkommodeer, is 'n produk van die *verhouding* tussen die gemeente en die spesifieke individu.